



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 4

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 1: 2012 VOORBEELD

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspecialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.

- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoetse as deel van die onderwys hulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

Lees die storie hieronder en beantwoord die vrae in jou eie woorde.

Die meeste mense woon in hulle eie wêreld en is te besig om tot stilstand te kom en te kyk wat ander doen. Wanneer Johan en Paul met hulle werk op die strand begin, staan mense egter stil om te kyk wat hulle doen.

Johan en Paul doen beeldhouwerk met seesand. Hulle kunswerke is enorm – dit beslaan 20 meter van die strand. Die seuns werk hard aan hulle beelde. Hulle gaan elke oggend sesuur strand toe. "Ons moet dan begin," verduidelik Paul, "want teen nege-uur is die sand te droog."

Party van die beeldhouwerke het soveel detail dat dit 'n hele dag neem om hulle te maak. Hulle het eenkeer 'n Boeing 747-vliegtuig gebou en vensters van skulpe gemaak. Langs die vliegtuig was 'n helikopter met 'n getande skroef. Hulle bou ook dierekarakters wat soos regte diere lyk. Eendag het hulle 'n krokodil gemaak, asook 'n olifant. Vir die stert het hulle seegras gebruik.

Johan en Paul is albei werkloos. Johan is 'n kunstenaar. Dit was sy idee om die sandbeelde te maak. Paul was 'n elektrisiën, maar na 'n ongeluk waarin hy sy een been verloor het, kan hy nou net ligte werk doen. Hy beweeg maar stadig, en het soms baie pyn.

Alhoewel baie mense gaan staan om hulle dop te hou, maak Johan en Paul baie min geld. Soms spoel die reën hulle beelde weg, of mense kom in die nag en breek dit. Albei die seuns sê hulle sal aanhou om hulle kunswerke op die strand te maak. "Dit is beter om iets te doen wanneer jy werkloos is as om net by die huis leeg te lê," sê Johan. Hulle is soos karakters in 'n storie wat elke dag op die strand gelees word.

Hierdie is 'n manier om werkloosheid te beveg, en alhoewel hulle nie baie geld verdien nie, is Paul en Johan besig en optimisties. Die beeldhouwerk verskaf ook aan die mense van Durban baie plesier.

- 1.1 Skryf die *hoofgedagte* van hierdie storie neer in een sin. Waaroor gaan hierdie storie?

(1)

1.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Paul was 'n ...

A onderwyser.

B elektrisiën.

C kunstenaar.

D dokter.

(1)

1.3 Is Paul en Johan elke dag op die strand? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(1)

1.4 Voltooi die sin deur die ontbrekende woord in te vul. (Skryf net EEN woord neer.)

Hierdie is 'n ongewone manier om werkloosheid te _____.

(1)

2.1 Die karakters in die storie is Paul en Johan. Hoekom beweeg Paul baie stadig?

(1)

2.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Paul en Johan is baie ...

(1)

A optimisties.

B pessimisties.

C negatief.

D aggressief.

(1)

2.3 Verduidelik in 'n kort sin watter dierekarakters Paul en Johan uit sand gebou het.

(1)

2.4 Gee EEN rede hoekom Paul en Johan bedags nie baie geld maak nie.
_____ (1)

2.5 Watter karakter in die verhaal is 'n kunstenaar?
_____ (1)

3.1 Hoekom luister ons soms nie na ons maats wanneer ons verskil of baklei nie? Gee EEN rede vir jou antwoord.
_____ (2)

3.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.
Ons dink dikwels net aan ons kant van die saak as ons ...
A baklei.
B speel.
C luister.
D praat. (1)

3.3 Wat beteken dit om met 'n "oop gemoed" te luister? Skryf jou antwoord in 'n volsin.

_____ (2)

3.4 Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is.
Dit is beter om te skreeu as jy kwaad is. _____
Dit is goed om stil te bly en eers te luister voordat jy optree. _____ (2)

3.5 Rangskik die volgende woorde in die regte kolom in die tabel:

skreeu, luister, glimlag, vloek

KOLOM A Positiewe woorde	KOLOM B Negatiewe woorde
3.5.1 _____	3.5.3 _____
3.5.2 _____	3.5.4 _____

(2)

4. Hieronder is 'n prentjie van Susan.

Susan wen 'n medalje op die Olimpiese Spele vir gestremdes.

Juffrou sê: "Geluk Susan, nou is jy 'n wenner!" Almal in die klas is baie opgewonde.

Susan het nie bene nie en kom daaglik skool toe in haar rolstoel. Sy het haar bene in 'n ongeluk verloor.



4.1 Bestudeer die prent van Juffrou en Susan. Sê in jou eie woorde hoe jy dink Juffrou gevoel het nadat sy die nuus oor Susan se prestasie gehoor het.

(1)

4.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Hoe het jy gevoel nadat jy van Susan se sukses in die Olimpiese Spele gehoor het?

- A Opgewonde
- B Hartseer
- C Bedroef
- D Kwaad

(1)

5. Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

Koop 'n Prinsespop



Hou 'n Modeparade!!

PRAGTIGE, PRETTIGE PRINSESPOP

Dis 'n pop wat elke dogtertjie behoort te hê.

Prinsespoppe is hope pret. Die Prinsespop het baie klere! **Jy kan ure daarmee speel. As jy een Prinsespop koop, kry jy 'n gratis handsak vir haar.**

Slegs R120

5.1 Watter geskenk sal jy ontvang as jy 'n Prinsespop koop? Skryf jou antwoord in 'n volsin.

(1)

5.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Die Prinsespop kos ...

A R1 200.

B R120.

C R102.

D R20.

(1)

5.3 Dink jy dat net dogters hierdie Prinsespop sal koop? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (1)

6.1 Kies 'n woord uit die teks wat vir jou vertel dat die Prinsespop mooi is.

_____ (1)

6.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Die Prinsespop se swembroek is ...

A gestreep.

B effekleurig.

C kleurvol.

D deursigtig.

(1)

6.3 Gee 'n rede hoekom jy dink dat dit pret kan wees om 'n Prinsespop te hê. Skryf jou antwoord in 'n volsin neer.

_____ (1)

7. **Vluglees die teks hieronder en vind die regte antwoorde.**

Ek is 'n tienjarige seun. My naam is Thembo. Ons het vanaf Kaapstad na Gauteng getrek. Ek is nie 'n baie sosiale mens nie en verkies om te lees, te skryf en op my rekenaar te werk. Ek het egter met Johan maats gemaak. Ek en hy gaan naweke biblioteek toe om te lees. Ons het nie 'n motor nie, maar sy ma neem ons Saterdag. My pa het vandag 'n baie goeie werk. Hy het nooit skool toe gegaan nie, maar sy ma het hom leer lees. Hy lees soos 'n boekwurm en kan altyd oor alles gesels met sy vriende. Hy sê altyd dat boeke sy beste vriende is.

7.1 Dink jy dat Thembo maats gemaak het in Gauteng? Motiveer jou antwoord. Begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.

_____ (2)

7.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Thembo besoek die biblioteek op ...

- A Maandae.
- B Dinsdae.
- C Vrydae.
- D Saterdag.

(2)

7.3 Dink jy dit is goed om te lees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

7.4 Voltooi:

Thembo is 'n regte _____, want hy lees so baie.

(1)

8. Lees Vuyo se spyskaart hieronder. Beantwoord dan die vrae in jou eie woorde.

Vuyo verjaar Sondag, 15 April. Sy word dan tien jaar oud. Haar ma het vir Ouma en Oupa genooi om by hulle te kom eet. Haar maats het Saterdag vir haar 'n partytjie gehou. Haar suster, Dix, het die spyskaarte gemaak. Die ete is vir Vuyo 'n groot verrassing.

Vuyo se spyskaart:

Voorgereg:	Vrugtekeltjie
Hoofereg:	Hoenderdye
	Lamsboud
	Rys
	Gebraaide aartappels
	Boontjies
	Pampoen
Nagereg:	Roomys en jellie



- 8.1 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Vuyo verjaar ...

- A Sondag.
- B Dinsdag.
- C Vrydag.
- D Saterdag.

(1)

- 8.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Kies 'n gereg uit die spyskaart waarvan kinders gewoonlik hou.

- A Rys
- B Roomys en jellie
- C Pampoen
- D Boontjies

(1)

8.3 Wie het die spyskaarte vir die partytjie gemaak? Gee slegs die naam van die persoon.

_____ (1)

8.4 Kies die regte woord tussen hakies en skryf dit in die oop spasie neer.
Hulle sal 'n vrugtekelkie geniet as (voorgereg/nagereg).

_____ (1)

9.1 Nommer die sinne hieronder in die volgorde waarin dit gebeur.
Skryf die regte nommers (1 tot 4) in die oop spasies neer.

___ Thandi loop skool toe.

___ Thandi eet pap.

___ Thandi trek aan vir skool.

___ Thandi word wakker.

(1)

9.2 Pas die woorde van KOLOM B by die sinne in KOLOM A.

KOLOM A	KOLOM B
9.2.1 Ons borsel ons tande daarmee.	A skoolklere B tandeborsel
9.2.2 Ons dra dit skool toe.	

(1)

10.1 Skryf die sin in die *verlede tyd*.

Sonja was haar gesig.

_____ (1)

10.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Thandi het met haar fiets skool toe ...

A gery.

B geloop.

C ry.

D loop.

(1)

11.1 Die onderstaande sinne het nie punte en kommas nie. Skryf die sinne oor en vul die kommas en punte in.

a. Jan is siek want sy maag pyn

b. Susan se ma het boontjies aartappels en rys gemaak

(2)

11.2 Lees die volgende sinne. As die punte en kommas reg ingevul is, kan jy WAAR in die spasie skryf. As dit verkeerd ingevul is, kan jy ONWAAR skryf.

a. Ek hou van roomys, sjokolade, toffies en koekies. _____

b. Johan hardloop baie vinnig want hy is 'n atleet. _____

(2)

12.1 Onderstreep die *werkwoord* in die sinne.

a. Juffrou skryf op die bord.

b. Ek eet my brood.

(2)

12.2 Voltooi:

- a. Piet het gister met sy fiets _____.
- b. Ouma _____ 'n trui. (2)

12.3 Vul die korrekte woord in die oop spasie in om die sinne WAAR te maak.

- a. Ons _____ in die speelkamer.
- b. Die bome se blare sal _____. (2)

13.1 Onderstreep die *voorsetse/s* in die onderstaande sinne.

- a. My ma het per ongeluk ons kos vergeet.
- b. Ek verlang na my suster. (2)

13.2 Vul die korrekte *voorsetse/s* in die oop spasies in.

- a. My suster teken _____ 'n pen.
- b. Ons is _____ die huis. (2)

14. **Lees die inligting hieronder oor plante en voltooi die tabel.**

Plante en bome maak hulle eie kos. Hulle neem met hul wortels water uit die grond op. Plante en bome maak hulle kos met behulp van sonlig en 'n stof wat chlorofil genoem word. Chlorofil gee aan blare hulle groen kleur. In die winter is daar nie genoeg lug of water sodat sommige plante of bome hulle eie kos kan maak nie. Plante en bome gee suurstof aan die natuur. Plante maak ons tuine kleurvol en bome gee vir ons skaduwee. Die blare van bome gee vir sommige diere voedsel.

Gedurende die herfs verdwyn die groen chlorofil uit die blare van hierdie plante. Die blare word dan geel en oranje. Sommige blare word rooi. Hierdie kleur word gemaak van die kos wat nog oor is in die blare. In die winter val die blare af en bemes die grond. Die meeste bome staan dan kaal, en sommige plante rus gedurende die herfs en winter. In die lente begin die plante en bome weer blare maak, en in die somer is dit vars, nuut en kleurvol. Voëls bou neste in die bome en sorg altyd vir 'n vrolike geluid in ons tuin. Ons papier word van hout gemaak. Ons moet bome plant en papier herwin. Ons moet sorg vir ons mooi land.

14.1	KOLOM A Seisoene waarin blare afval of verkleur	KOLOM B Seisoene waarin blare gevorm word en groen is
	A _____	A _____
	B _____	B _____

(4)

14.2 Maak 'n lys van VIER belangrike feite oor bome en plante. Begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.

a. _____


b. _____.

c. _____.

d. _____.

(4)

15. Prente vertel stories. Kyk mooi na die prent hieronder.




15.1 Bestudeer die prent en beskryf wat hier gebeur. Jy kan die onderstaande leidrade gebruik om jou te help. Jy moet SES sinne bou. Begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt. Gebruik van die leidrade om jou te help.

Leidrade:

somer, vrolik, strand, boerewors, braai, vriende, besoekers, slaai, braaihout

(6)

15.2 Bestudeer die prent hieronder en voer die instruksies uit.



Maak SES sinne. Onthou die nodige hoofletters en leestekens. Vertel ons wat jy dink hier gebeur. Jy kan jou eie woorde en idees gebruik. Die prent sal vir jou genoeg inligting verskaf.

(6)